

**3 Maart**

**Skrifgedeelte: Numeri 30**

**Dink goed voor geloftes gemaak word**

Die volk staan op die punt om die land in besit te neem. Daar is nog een saak wat hulle goed moet besef: By 'n getroue God wat altyd sy woord hou, hoort ook 'n volk wat woordhou. Soos God suiwer van integriteit is, moet die volk ook daarna streef. Geloftes aan die Here moet betaal word!

Daar is egter twee uitsonderinge soos vers 16 dit duidelik maak, naamlik dié van 'n jong dogter en dié van 'n getroude vrou. Waarom dié twee? Wel, omdat die dogter onder toesig van haar pa (en ma) is en die man die primêre verantwoordelikheid in die huwelik dra. Die pa is primêr verantwoordelik vir wat sy kinders doen en die man vir wat sy vrou onderneem. Op hierdie wyse handhaaf die Here die eenheid in gesin en huwelik.

Dit is maklik om geloftes aan die Here te doen. Woorde is dikwels goedkoop. Daarom is die eis: Hou jou by jou woord! Mense kan in noodsituasies maklik geloftes maak, byvoorbeeld: Here, as U 'n goeie oes aan ons gee, sal ons 'n tiende van die opbrengs aan U offer. Uiteindelik is die oes wel goed, maar die offer bly uitstaande. So maak ons maklik allerlei geloftes teenoor die Here wat ons nie nakom nie. Dit is 'n groot sonde teenoor die Here.

Jakobus skrywe iewers: Laat julle ja, ja wees en julle nee, nee. Dit geld ook ons geloftes teenoor mense.

*Sing: Psalm 24:2*

*Dr NP Heystek (Wapadrant)*